
# WAT OP AARDE MAAK EK HIER ?



In <u>**Deuteronomium 30:19**</u> beveel die Woord van God die volgende aan : **Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag,**

Sonder dat ek hiervan bewus was, het ek twee lewensideale gehad :
<u>Die eerste was om 'n gelukkige gesin te hê;</u>
<u>en die tweede was om 'n mediese Dokter te word.</u>

Ek sal vir jou 'n bietjie agtergrond gee oor hoe dit sovêr in my lewe ontvou het.

Omdat ek uit 'n disfunksionele gesin gekom het, het ek dit begeer om 'n standvastige gesin te hê. Op 22 jarige ouderdom het ek getrou met 'n man wie 20 jaar ouer as ek is. Hy het toesig gehad oor sy 3 seuns en ek het skielik 'n kits gesin gehad. Ons was 'n gelukkige en intieme gesin. Na 'n jaar is ons dogter gebore. My lewe was idilies! Maar ons altwee het "bagasie" van ons verlede saamgedra wat ons verhouding gekompliseer het.




7 jaar later was my eerste droom aan skerwe toe ek en my man geskei is! Ons gesinnetjie wat eens so gelukkig saam was, het uitmekaar geval en ons is almal in diepe pyn en hartseer gedompel; soos om in 'n diep donker put van ellende te wees. Ons het duidelik nie goeie keuses gemaak nie.

Die negatiewe lewensomstandigheide het nie my tweede lewensdroom oorweldig nie. Dit het wel veroorsaak dat ek besluit het om liewer Radiografie te studeer: 'n baie korter kursus en meer realistiese doel om te bereik. Ek het my kursus voltooi en baie van my beroep gehou, dit is om mense te kon help. In hierdie geval het ek die positiewe gevolge beleef van die goeie keuse wat ek gemaak het.

Alhoewel ek nie as 'n kind die Here se liefde geken het nie, was Hy nogtans besig om Sy roeping vir my lewe te ontwikkel, nie alleen deur die positiewe lewensondervindinge nie, maar veral deur die swaarkry van die lewe. Ek het van kinds af gely aan verwerping. Nou op 34 jarige ouderdom, het ek gedink dat niemand my liefhet nie, niemand my verstaan of waardeer het nie. Ek het gevoel soos 'n mislukking en het op die einde van myself gekom.

Ek is so dankbaar vir 'n liefdevolle God wie ons soek en op die regte tyd in ons lewens ingryp. Hy wie ons wil help om ons doelwitte te bereik en ons na lewensroeping hier op aarde wil rig.




Gedurende die tyd in my lewe wat ek bitter alleen was, gesukkel het met depressie. Ek het ook geworstel met verskillende gesondheidsprobleme waarvoor ek

geen blywende oplossings gehad het nie. Ek was verward deur die Nuwe Era praktyke en oosterse gelowe,enteleurgesteld in mediese Dokters sowel as Christene. Ek het moed opgegee. Ek was alweer in daardie donker pit. Ek het nou genoeg gehad van in die modder rondstrompel daar onder in die put. Diep vanuit my hart het ek uitgeroep na die Here.



Dis presies waarvan Dawid skryf in **<u>Psalm 40:2-4</u> Ek het die HERE lank verwag, en Hy het Hom na my toe neergebuig en my hulpgeroep gehoor; en Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak. En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse God. Baie sal dit sien en vrees en op die HERE vertrou.**

<u>En dit is hoe dit met my gebeur het :</u>

Die Here het 'n opregte christen dame oor my pad gebring wie nooit vir my gepreek het of selfs nie met my oor die Here gepraat het nie. Haar naam was Ruth. In haar teenwoordigheid het ek heeltemaal gemaklik en aanvaard gevoel net soos ek is. Na 'n tyd het sy my na 'n Moedersdag kerkdiens toe genooi. Ek het geen voorneme gehad om 'n christen te word nie, maar ek het haar uitnodiging aanvaar omdat sy so goed vir my was en omdat ek so eensaam was. Van die oomblik wat ek in die saal ingestap het, het ek die Here se liefde deur Sy Heilige Gees tasbaar ervaar. Toe die pastoor aan moeders erkenning gegee het deur hulle te seën, het die Here 'n diepe behoefte na liefde en waardering in my hart aangeraak. Die trane het oor my wange gestroom … en almal het my gerespekteer deur vir my ruimte te gee om stil te wees.

Hierdie ervaring laat my dink aan die skrifgedeelte in **<u>Jesaja 54:7&8</u> Vir 'n klein oomblik het Ek jou verlaat, maar met groot ontferminge sal Ek jou vergader. In 'n uitstorting van toorn (oor jou sonde) het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser.**

Deur 'n zantal belangrike dramatiese gebeure gedurende die opeenvolgende paar weke het die Here se ingryping in my lewe bevestig. Namate ek Sy Woord gelees het, het Hy sy weë aan my openbaar, asook die verkeerde keuses wat ek gemaak het.

Hy het my by die Fontein van Lewende Water uitgebring en ek het dit vryelik ingedrink. Namate ek deur die Lewende Woord gewas is, kon ek my sonde en foute bely en het ook met elkeen reggemaak wie ek te na gekom het. Wonderlike vrede het my hart gevul. Ek het besluit om my rug op my ou lewe te draai en Here Jesus heelhartig te volg. Dit was so wonderlik, want ek was nou nie meer eensaam nie - Here Jesus het nou in my hart kom woon deur Sy Heilige Gees. Ek kon enige tyd met Hom in gebed praat. Maar dit het nie daar geeindig nie. Hy het vir my betroubare oplossings vir my probleme en konflik



gegee. Hy het onfeilbare leiding aangebied vir elke area van my lewe. Nog meer seëninge het gevolg. Hy het ons huwelik herstel asook ander verhoudinge.

Namate ek Hom beter leer ken het kon ek mettertyd my hart meer en meer vir Hom oopmaak en Hy het die seer van my kinderdae en verlede genees. Hy het nie net my emosies en hart genees nie, maar ook my liggaam. Al my gesondheidsprobleme het verdwyn. Hy het in der waarheid my Groot Geneesheer geword.


Die belofte in **Romeine 8:28** het nou 'n werklikheid vir my geword waar die Woord sê :
**En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.**

Sy plan en roeping in my lewe was besig om al hoe meer te ontvou, noudat ek die voorreg het om vir ander in te tree in gebed, vir redding, maar veral vir emosionele en fisiese genesing. Hierdeur kan ek ook die wet van Christus vervul.

Met hierdie skrywe is dit nou 25 jaar later. Die Here het alreeds van my familie se siele gered, Hy het een van dwelmverslawing verlos, 'n ander een van bloed kanker genees, my kinders van nootlottige ongelukke beskerm en nog altyd in al ons behoeftes voorsien, om maar 'n klompie voorbeelde te noem. Hy het ook al 3 keer my swak sig versterk. Hy het hierdeur my vetroue in Hom ook dieper bevestig om Hom vir nog verdere genesing asook vir beantwoording van gebed te vertrou.

Ek het die Here se Woord nog altyd eg en getrou bevind al het ek Hom al so baie gefaal. Hy het my nog nooit begewe of verlaat nie en het al soveel sake vir my uitgewerk. Nie altyd op die manier wat ek dit wou hê nie, maar altyd ten goede.

**Jeremia 29:11 Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.**




Ek hoop dat hierdie getuienis 'n aanmoediging vir jou is om ook jou lewensroeping in Christus te vind.

Ester Steyn
mystoriesofhope@gmail.com